**Skriflesing: 2 Kronieke 20 vers 1-30**
**Tema: Die oorlog is God se saak**

Die laaste kort stukkie van die jaar lê voor. Saam met vandag is daar nog 86 dae oor. Sommige van ons beleef 'n klomp onsekerhede. Dalk is daar onsekerhede in ons familie of by ons werk. Die einde van die jaar se stormloop en jaarafsluitings lê voor. Die skole se matriekafskeide is verby. Daar is minder as 20 dae oor voor die graad 10 tot 12's begin eksamen skryf. Al hierdie dinge kan ons onseker maak. Ook ons land maak ons bang.
Koning Josafat is al amper 60 jaar oud. Dit maak hom as ouer koning meer kwesbaar. Hy en die volk is bang vir die vyand wat hulle aanval. Toe Josafat uiteindelik hoor van 'n moontlike aanval kan die groot vyandige leer met 1 van 3 paaie binne 'n dag of 2 by Jerusalem uitkom.

Wat maak hulle met hulle 'bang'? Hulle gaan na die Here toe. Ons lees in 2 Kronieke 20 vers 3-4: "[3]Josafat was bang en het by die Here hulp gesoek. Hy het 'n vasdag in die hele Juda uitgeroep, [4]en die Judeërs het bymekaargekom om die hulp van die Here te vra. Uit al die stede van Juda het hulle gekom om die Here se hulp te vra."

Josafat gaan na die Here toe en ons lees in 2 Kronieke 20 vers 5-12 hoe hy en die volk Hom aanbid. Hy is die God van die verbond wat mag het oor die geskiedenis. Hy heers oor die koninkryke en nasies van die wêreld. Hy beskik oor Sy volk se verhaal. Hulle erken God se oppermag. Uit Sy hand kom die mag en krag. Niemand kan teen Hom stand hou nie. Hulle bely hul volkome afhanklikheid van die Here. Hy hoor en help ons. Net Hy kan red. Die volk het nie die krag om die groot menigte wat teen hulle optrek, te weerstaan nie. Hulle weet nie wat om te doen nie. Hulle oë is op die Here gerig.

En dan antwoord die Here vir Josafat en sy volk in 2 Kronieke 20 vers 15-17: "[15]en sê: "Luister, mense van Juda, inwoners van Jerusalem en koning Josafat! So sê die Here vir julle: Moenie vrees nie, moenie bang wees vir hierdie groot menigte nie, want hierdie oorlog is nie 'n saak vir julle nie, maar vir God. [16]Trek hulle môre tegemoet wanneer hulle in die Bloeiselpas opkom. Julle sal hulle aantref by die punt van die vallei wat in die Jeruelwoestyn uitloop. [17]Julle hoef nie te veg nie, neem net posisie in en staan en kyk na die oorwinning van die Here vir julle. Moenie vrees nie, Juda en Jerusalem, moenie bang wees nie. Trek hulle môre tegemoet. Die Here sal by julle wees."

Die pad waarmee die vyandige leer sal kom, is aan God bekend. Die volk hoef nie eens te veg nie. Hulle moet optrek in geloof. Hulle moet posisie inneem en kyk na die oorwinning wat die Here vir hulle behaal.

Dikwels roep die Here mense op om meer te doen om as om net posisie in te neem. Ons het 'n professor gehad wat gesê het: "Glo asof alles van God afhang en werk asof alles van jouself afhang, maar altyd in hierdie volgorde." Ons is medewerkers van God. In die kwartaal wat voorlê roep Hy ons op om ons gawes te gebruik. Ons moet ons beroep voluit beoefen. Ons moet ons verantwoordelikhede met oorgawe aanpak, terwyl ons ons prioriteite reghou. Ons wil egter so graag dinge self doen. Ons wil ons eie oorloggies veg. Dít terwyl die die oorlog nie 'n saak vir ons is nie, maar vir God.

Die vierde kwartaal van 2018 behoort aan die Here wat vir ons elkeen verseker: "Ek sal jou God wees en die God van jou nageslag."

Josafat roep volk op: "Stel julle vertroue in die Here julle God en julle sal vas staan. Doen wat die Here deur sy Gees vir Jagasiël gesê het om aan julle oor te dra en dit sal met julle goed gaan." Buig voor die Here. Bewys aan Hom die eer.

Die volk "veg" die oorlog met gebed en ook lofprysing. Hulle het die Here uit volle bors geprys. As hulle in aangesig tot aangesig met vyand staan, staan die sangers voor. Hulle loof die Here met die woorde; "Loof die Here, aan Sy liefde is daar geen einde nie."
En dan lees ons in 2 Kronieke 20 vers 22: "Juis toe, toe die sangers met die lofprysing en gebed begin, het die Here onverwagte aanvalle bewerk op die Ammoniete, die Moabiete en die mense van die Seïrberge wat teen Juda opgetrek het, en hulle het die een neerlaag na die ander gely."

Die volk maak vir 3 dae buit bymekaar en op die vierde dag loof hulle die Here in die Lofdal. Hulle is met groot blydskap terug Jerusalem toe. Hulle is na die huis van die Here toe met harpe en liere en trompette.

Ook ons word opgeroep om ons kant te bring, maar om die oorlog in die eerste plek met gebed en lofprysing te "veg."

In kontras met Josafat wat bang was in 2 Kronieke 20 vers 3 lees ons in vers 29-30: [29]Al die koninkryke was van skrik bevange vir God toe hulle hoor dat die Here oorlog gevoer het teen die vyande van Israel. [30]Die heerskappy van Josafat het rustig voortgegaan, en Sy God het hom na alle kante toe rus gegee.

God se volk is nie meer bang nie. Al die ander volke is nou baie bang.

'n Verhaal wat begin met bang, eindig met rus en vrede. Hoe is dit moontlik? Want die fokus val op die Here en afhanklikheid van die Here. Die volk weet dat hulle nie deur menslike mag nie, maar deur God se krag  staande sal bly. Die verhaal ontvou verder in gebed en lofprysing.

Kom ons neem die laaste kwartaal van 2018 met gebed en lofprysing posisie in en ons kyk na die oorwinning wat die Here vir en deur ons behaal.
**Amen**